



Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

23 Februarie 2022
Nuusbrief No 7

Liewe Ouers,

Die Pretloop is hierdie week se hoogtepunt. Ons kindertjies sien so baie daarna uit. Ons hoop die weer speel saam. Indien dit reën sal ons 'n nuwe datum bepaal, maar op hierdie stadium word geen reën voorspel nie.

Pretloop: Donderdag 24 Februarie 2022 om 17:45: Projekkode vir inbetalings: P729:

- Hier volg die reëlings vir die aand:

TYD: AANKOMS 17:45: ONS BEGIN 18:15

Kom asseblief 'n bietjie vroeër sodat u parkering kan kry, kan neskop by u klas se punt en dat u kleuter betyds is vir al die opwinding.

MAAK SEKER U LOS GEEN WAARDEVOLLE ITEMS IN U MOTOR NIE EN VOEL AAN U MOTORDEUR OF DIT GESLUIT HET.

PLEKKE INNEEM: U word vriendelik versoek om vir die eerste 10 minute op die pawiljoen te sit vir die kleuters se krete. **Sodra die kleuters begin stap**, kan u rondom die atletiekbaan by u kleuter se banier gaan sit, of saam met u kleuter deelneem.

Onthou dat hierdie 'n gesinsaad is en dat ouers welkom is om saam met die kinders om die baan te hardloop te loop of te draf... wat ookal vir julle werk! Trek tekkies en gemaklike klere aan en kom neem deel!

PROGRAM:

- 1) **Verwelkoming - Riekie van Eeden**
- 2) **Skriflesing**
- 3) **Bekendstelling Ouerkomitee**
- 4) **Krete - al die groepe**
- 5) **Stappery begin**
(Elke kleuter wat vir 'n volle uur stap, kry 'n medalje.)
- 6) **Medaljes word aan alle geregistreeerde deelnemers oorhandig**
(Sertifikate word die volgende dag uitgestuur.)
- 7) **Piekniek:**
 - U kan u eie piekniekmandjie pak en saambring, of indien u by die snoepie kos bestel het, kan u dit van 17:00 af afhaal.

BENODIGHEDE:

- 'n Opgewonde **kaalvoet** kleuter met 'n **Parkieland T-hemp** en 'n warm trui, vir na die stap.
- 'n Piekniekmandjie met eet- en drinkgoed, opvoustoele, komberse of kussings om op te sit.
- **Nie-Parkieland Peuters** spring van hulle Parkieland broers en susters se punte af weg, en **Laerskoolkinders** spring voor die pawiljoen weg, en stop vir 'n spogkol of ysie by hulle kleuterboetie of -sussie se juffrou.
- Ons sluit vir u 'n **tekening** van die baan in, sodat u u piekniekmandjie by u kleuter se klaspunt kan neersit voordat u op die pawiljoen gaan plek inneem.
- Kyk ook uit vir elke klas se **gazebo**, die ouers gaan in klasverband saam sit en kuier.
- **Belangrik:** Gee vir u kleuter voor die Pretloop ietsie ligs om te eet, aangesien die piekniek eers na afloop van die Pretloop begin.

U het geleentheid gehad om vooraf kos by die snoepie te bestel... Die snoepie verskaf NIE KOS OP PRETLOOP AAND NIE. SLEGS OUERS WAT BESTEL HET, GAAN KOS KAN AFHAAL. DAAR SAL WEL KOELDRANK EN LEKKERTJIES TE KOOP WEES.

LET OP DAT DIE SNOEPIE NET TOT 19:00 OOP BLY.

Foto's:


- U het gister of vandag u kleuter se klasfotobestelvorm van die fotograawe ontvang waarin die bestellings- en betalingsprosedures verduidelik word.
- Voorbeeldfoto's word in die ingangsportaal opgeplak.

Jêmbekkie:


Die kinders geniet elke Vrydag se "Friday Funday" aktiwiteite somer baie, maar die Juffrouens het lekker gelag vir een van die 2-3 Jariges wat praat van die "Sunday Funday!"

Hoop om elkeen môre by die Pretloop te sien! Geseënde week verder vir elke gesin!


Vriendelike Parkielandgroete.



RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL



Wenke vir 'n gesonde kosblik



Talle navorsingstudies en kundiges het reeds bewys dat 'n gesonde dieët noodsaaklik is vir almal, veral vir kleuters. Die regte dieët help kleuters om fisies en emosioneel die dag te trotseer!

Hoe kan ons help om gesond te eet:

- Leer jou kleuter waarom ons verskillende soorte voedsel moet eet.
- Dis pret om 'n "reënboog" te eet!
- Moenie elke dag dieselfde kos inpak nie. Maak die aanbieding pret!
- Laat hul toe om een of twee goedjies self in hul kosblik te pak (leer hul en help hul om gesonde keuses te maak).
- Kleuters is soms bang om iets nuuts te probeer eet. Moedig hul aan om dapper te wees.



Vir die kossies wat ons eet,
vir die lessies wat ons leer,
sê ons DANKIE lieve Heer!
AMEN